

# Paulus neem afskeid van Timoteus

*uit "God se storie"*

Lukas en Timoteus bly tot laat dié middag by Paulus. Hulle praat nie baie nie; alles wat gesê moes word, is reeds gesê. Toe dit tyd word dat hulle moet gaan, sê Paulus: "Ek wil hê julle moet vir oulaas saam met my bid."

Sonder om vir hulle te wag, gaan staan hy op sy knieë. Toe Lukas en Timoteus langs hom kniel, bid hy: "Here Jesus, ek dank U dat ek aan U kan behoort; dat U my voorgekeer het op die pad na Damaskus; dat U my gekies het om 'n werktuig vir U te wees. Ek dank U dat U my werk geseën het, sodat ek vandag baie geestelike kinders het wat U liefhet en U dien.

"Ek wil nou vir hulle bid, o God, dat U deur die werking van u Gees aan hulle al die wysheid en die insig sal skenk, sodat hulle tot volle kennis sal kom van wat u wil is. Ek bid dat hulle tot u eer sal leef deur net te doen wat U verlang. Ek bid dat hulle vrugte sal dra deur goeie werke, en sal toeneem in die kennis van God. Ek bid dat U aan hulle al die krag sal gee om in alle omstandighede met geduld te volhard.

"Ek dank U, ons hemelse Vader, dat U ons geskik gemaak het om deel te hê aan die erfenis wat U vir die gelowiges weggebêre het in die ryk van die lig. Dankie dat U ons uit die mag van die duisternis weggeruk het en ons onder die heerskappy gestel het van u Seun. Dankie, Here Jesus, dat ons die verlossing deur U verkry het, en die vergewing van sondes.

"Hou u kerk vas, Here Jesus! Hou hulle staande teen die aanslae van die Bose, en seën hulle wat in u kerk werksaam is. Ek bid veral vir hierdie twee broers van my, wat my tot aan die einde in my beproewing bygestaan het. U weet hoeveel hulle liefde vir my beteken. Ek dank U dat U hulle vir my geleen het, en nou wil ek hulle aan U teruggee, met die gebed dat hulle nog lank vrugbaar sal wees in u wingerd. Seën die pennevrug van my liewe broer Lukas. En seën die dienswerk van my kind Timoteus. Maak hom sterk in u diens, Here, dat hy steeds 'n ywerige en kosbare werktuig vir U mag wees."

Paulus se hande bewe toe hy hulle op Lukas en Timoteus se kop sit, en hy moet

eers sy keel skoonmaak voordat hy verder kan gaan, maar sy stem is sterk toe hy sê: “Die genade van ons Here, Jesus Christus, en die liefde van God ons Vader, en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by julle twee!”

Timoteus ruk soos hy huil, maar hy dwing die woorde uit: “Here Jesus, dankie dat U broer Paulus vir ons gegee het. Dankie dat U hom so vrugbaar in u diens gebruik het. Dankie dat hy my pa in die geloof kan wees, en dat ek so baie by hom kon geleer het. Maak my soos hy, Here! Gee my die geloofsmoed en liefde om soos hy te stry vir u saak, elke dag van my lewe. En wees met hom, vannag, en môreoggend, as hy alleen sal wees. Help hom dat sy geloof nie sal wankel nie, en dat hy tot aan die einde met vreugde sal leef, sodat hy ook in sy sterwe vir U sal verheerlik. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid, tot in alle ewigheid. Amen.”

“Amen!” sê Paulus en Lukas tegelyk.

Toe is dit tyd om te groet. Paulus omhels eers vir Lukas en toe vir Timoteus. “Dankie, baie, baie dankie vir jou gebed, my kind. Elke woord het in my hart gaan lê, en vannag, as ek alleen is, sal ek dit weer bid saam met jou. Maar moenie oor my huil nie, Timoteus. Wees saam met my bly, want môre stap ek oor na die hemelsale, waar ons Heer en Koning vir my wag. Ek is nie bang nie, want die Here hou my vas, soos jy nou vir my gebed het.”

Dis weer stil in die sel toe die deur toeklap. Paulus is kalm en tevrede. Die Here het hom versterk.

---

## **Jakob, die man wat almal wou inloop**

# Sy verhaal

As dit net nie so donker was nie, kon hy gesien het met wie hy nou al die hele nag lank stoei. Maar hy is seker dit moet Esau wees. Wie anders sal hom stilletjies in die nag probeer oorweldig waar niemand dit kan sien nie? Dis net Esau wat so iets sal doen. Sy broer het natuurlik geskrik toe hy sien hoe 'n groot geselskap hy by hom het, en besef dat hy nie sommer helder oordag van hom ontslae sal kan raak nie, Dis dié dat hy nou hier in die donker met hom wil afreken. Maar as Esau gedink het hy sal hom sommer so maklik oorweldig, maak hy 'n fout. Hy laat hom deur niemand wen nie; niemand nie!

'n Verblindende pyn skiet deur sy heup. Die vloek het hom op sy heupsening geslaan, en nou is sy heup lam.

“Los my, want die dag breek,” sê die man.

So maklik kom jy nie weg nie, ou broer! “Ek sal ou net los as jy my seën,” antwoord hy. As Esau hom nou seën, kan hy mos nie môre teen hom kom veg nie, en dan het hy sy doel bereik.

“Wat is jou naam?” wil die man weet.

Snaaks, Esau ken mos sy naam. Maar ... dan is dit nie Esau nie! Wie sou dit tog kon wees? Moet hy dan vir die vreemdeling sê wat sy naam is? Dat hy Jakob is, dat sy naam 'hakskeengryper' is? Die bedrieër, wat nog altyd met sy skelmstreke bo uitgekom het? Dat hy sy broer Esau en sy pa Isak geflous het, en later ook sy oom Laban, sodat hy vandag met twee van Laban se dogters en byna die helfte van sy vee uit Haran terugkom?

“Jou naam,” dring die vreemdeling by hom aan.

Hy skud sy kop. Hy kan dit nie verstaan nie. Hy was nog nooit skaam vir sy naam nie. Hy was nog altyd trots daarop dat hy sy sake kon plooi, en dat ander moes weet dat hulle nie met hom kanse moet vat nie, want hulle sal tweede kom. Maar nou, teenoor hierdie vreemdeling, is dit skielik vir hom moeilik om te erken wie hy is, is dit vir hom verskriklik belangrik dat hierdie man 'n goeie indruk van hom moet hê. Sal hy vir hom sê hy is Abraham se kleinseun? Hy is die tweede seun van Isak? Dit sal tog 'n goeie indruk maak.

“Jou naam,” vra die man weer, hierdie keer dringender. “Wat is jou naam?”

Hy laat sy kop sak, en sê sag: “Jakob.”

- [Genesis 32:22-32](#)

## **Pas jy dalk in dié storie?**

Ons lewe vandag in 'n uiters mededingende wêreld. Feitlik van ons geboorte af is ons in 'n kompetisie met ander mense gewikkel. Alles wat jy doen, word met ander mense se optrede en prestasies vergelyk. Wanneer 'n kind met sy rapport huis toe kom, staan nie net sy punte daarop nie, maar ook dié van die klasgemiddeld. Die kind se prestasie word beoordeel aan hoe hy teen ander opweeg. Op die sportveld neem jy nie deel vir die ontspanning nie, jy ding mee om 'n plek in die span. By die werk word jou prestasievlakke gemeet om te kyk of jy, of dalk iemand anders, die bevordering gaan kry. Selfs 'n eenvoudige motorrit kan maklik ontaard in 'n stryd om die motor voor jou verby te steek.

Jakob se verhaal wys vir ons dat die kompetisiegees so oud soos die lewe self is. Jakob was nie 'n slegte ou nie. Hy was maar net lief daarvoor om te wen, en dié ingesteldheid het ongelukkig dikwels sy gesonde oordeel aangetas. Dis dié dat hy dit oor sy hart kon kry om sy eie broer uit sy eersgeboortereg te kul, en sy pa te bedrieg. Later het hy van sy eie medisyne gekry toe sy skoonpa Laban hom lelik bedrieg het, en hy op die oggend ná sy huweliksnag ontdek dat sy bruid nie die skone Ragel is nie, maar haar oninteressante ouer suster Lea, wat al 'n taamlike tyd op die rak gesit het.

Dis 'n strik waarin 'n mens vandag nog kan trap: dat jy so meegevoer word deur 'n saak, dat jy later nie meer helder dink oor waarmee jy besig is nie. “Wen tot elke prys” het ongelukkig deel van die moderne samelewing geword. Daarom gebruik sportmanne stimulanse, al weet hulle dat dit op die lang duur skadelik gaan wees. Daarom maak politici beloftes wat hulle onmoontlik kan nakom. Daarom steek kollegas mekaar in die rug. Gewone mense wat deur die strewe om te wen, in Jakoppe verander.

## Hoe nou gemaak?

Op 'n manier moet ons van hierdie wen-tot-elke-prys-moraal ontslae raak, anders sal dit ons vernietig. Die goeie nuus is: dit kan. Dis wat met Jakob daardie nag by die Jabbokdrif gebeur het. God het hom daar voorgekeer. Na daardie nag se worsteling was Jakob nooit weer dieselfde nie. Hy is van sy siekte genees en het Israel geword: vors/stryder van God. Ons lees van geen enkele skelmstreek in sy verdere lewe nie.

Maar dit vra dat ek en jy, soos Jakob daardie nag, eerlik met onself en eerlik voor God moet word, en ons Jakob-gesindheid bely. Dit vra dat God ons harte sal verander, ons sal verlos van die strewe om te wil wen tot elke prys. Dán kan ons ook bid soos die Spreuke-digter in Spreuke 30:7-9 (en dit opreg bedoel!):

*Net twee dinge vra ek van U;  
moet my dit tog nie weier nie;  
daarna kan ek sterf:  
moenie toelaat dat ek vals is en lieg nie;  
moet my nie arm maak of ryk nie,  
gee my net die kos wat ek nodig het,  
sodat ek nie te veel het en U verloën  
en sê: "Wie is die Here?" nie,  
en sodat ek nie arm word en steel  
en my God se Naam oneer aandoen nie.*

---

## Hanna

Baie dinge het verander sedert sy die heel eerste keer saam met Elkana na Silo gekom het vir die Loofhuttefees. O, hulle kom steeds vir die hele week, en hulle bou nog altyd vir hulle takhutte om in te woon. Hulle neem nog altyd aan die verrigtinge deel en bring die voorgeskrewe offers met groot nougesetheid soos net Elkana dit kan doen.

Maar nou is daardie vrou by. En elke jaar nog 'n kind ekstra. Haar naam moes eerder Konyna gewees het, nie Peninna nie, want sy raak swanger as Elkana net na haar kýk.

“Dis jammer dat die fees maak dat Elkana nie by my mag kom lê nie,” sug Peninna en rek haar lui uit. “Hoekom is dit so dat 'n man onrein is as hy by sy vrou slaap, hè Hanna? Dis tog sy plig om by sy vrou te lê. Die Here het dan self gesê ons moet vrugbaar wees en vermeerder en die aarde vul. Dan kan dit tog nie verkeerd wees nie?” Sy sug weer gelate. “Ag ja. Maar sodra die fees verby is, moet hy by my kom slaap. Ek wéét sommer ek is reg om swanger te word.” Sy tik op haar buik. “Ja-nee, ek is gebóú om kinders te hê, dié is seker,” borduur sy voort, oënskynlik onbewus van die pyn wat haar woorde in Hanna se hart veroorsaak. Sy kelk haar borste - nog vol in die melk van die jongste telg, nou 'n jaar oud - met haar hande en sug: “Ek het genoeg melk vir 'n hele weermag. Elkana sê altyd ek moet vir hom ook 'n bietjie te drinke gee as hy by my kom lê, want dit sit die murg terug in sy pype.” Sy leun terug teen die paal agter haar rug en maak haar oë behaaglik toe. “Ag ja. Ek wens die fees is al om, dat Elkana 'n baba in my kan plant.”

Sy sit 'n rukkie so met oë toe, 'n salige glimlag om die mond. Dan vlieg haar oë oop en sy sit half verskrik regop, hand voor die mond. Kamma besorg vat sy aan Hanna se mou. “Ag, ekskuus jong, hier gaan ek aan oor babas en dinge, en jy het nog nooit enetjie gehad nie. Hoe ongevoelig van my. Ek hoop nie ek het jou seergemaak nie.”

“Nee,” jok sy en staan vinnig op. Sy sal nie haar trane sien nie! Maar buitekant die hut hyg sy van ontsteltenis. So 'n skynheilige klein vloek! Haar oë is blind van die trane toe sy tussen die feesgangers se blaarhutte deur na die veld loop. Sy wil net weg, weg van hierdie plek met sy feesvierings. Watter soort fees is dit as dit jou net hartseer maak? Watter soort God kom dien hulle hier as Hy so ongevoelig oor haar groot smart is?

Sy sluk hard om die bitterheid in haar mond weg te kry, maar dit bly in haar keel opstoot. Nog drie dae. Drie dae van hel voordat hierdie fees verby is en sy met haar lewe in Ramatajim kan aangaan. Hoekom is die lewe so onregverdig? Sy sal 'n baie beter ma gewees het as wat daardie vrou ooit kan droom om te wees. Hoekom het Peninna die een kind op die ander, en sy moet dit sit en aanskou? Hoekom, hoekom, hoekom?!

Haar hand gly oor haar borste. Elkana drink graag aan haar óók, maar sy kon hom nog nooit met haar moedersmelk versterk nie. Haar borste is droog en leeg. Al waarvoor hulle deug is om haar man te plesier. Toe sy en Elkana nog alleen was, het sy gedink dis goed so. Die Here het hulle vir haar gegee om haar aantreklik te maak vir haar man. Maar nou dat Peninna die een kleintjie op die ander het en sy sien hoe lustig hulle aan haar drink, kan sy nie meer haarself so troos nie. Borste is in die eerste plek daar om 'n kind te voed, maar nog nooit het 'n kindermondjie teen haar bors gelê nie.

Die son lê al laag in die weste toe Elkana haar daar in die veld kry. Hy lig haar ken met sy hand op sodat sy hom in die oë moet kyk. Sy stem is teer as hy vra: "Hoekom is jy dan so hartseer? Die fees was tog altyd vir ons 'n wonderlike tyd. Maar in die laaste tyd sien ek jou nooit meer glimlag as ons hier is nie. Ek sien net weemoed en trane in jou oë."

"Ja, Elkana, wat weet jy?" dink sy bitter. Vandat Peninna in hulle lewe gekom het, is die offerfeeste in Silo vir haar een groot stuk hartseer, een lang uitgerekte herinnering dat sy kinderloos is. Sy kon dit nog op 'n manier hanteer dat sy haar man met daardie vrou moet deel, maar nou moet sy hom met 'n hele string kleintjies ook nog deel, en die stukkie wat vir haar oorbly, word al kleiner. Elke jaar as hulle die reis na Silo aanpak, is daar een mondjie meer om te voed in Peninna se kroos. En jaar na jaar buit Peninna elke moontlike en onmoontlike situasie uit om sout in haar wonde te vryf. Sy kan nie verstaan hoekom sy dit doen nie. Is dit nie vir haar genoeg dat sy vyf kinders vir Elkana gegee het terwyl sy wat Elkana se eerste vrou is kinderloos bly nie? Wat wil sy dan nóg hê?

Die jaarlikse optog na Silo wás altyd 'n kosbare tyd in haar lewe. Sy kon voel hoe die Here haar nuwe krag gee, en sy en Elkana het in dié tye lank en diep oor hulle verhouding met die Here gepraat. Sy het al so baie by hom geleer van geloof en hoe om elke dag voor die Here te lewe, en hoe die Here verwag dat jy teenoor jou medemens moet optree. Sy was gelukkig, al het sy maand na maand met teleurstelling wéér die bloed uit haar sien uitvloei. En toe Elkana later met Peninna trou om deur haar tog 'n erfgenaam te kry, was sy half verlig, want dit het die druk van haar afgeneem. Nie dat Elkana ooit lelik of ongeduldig met haar was omdat sy hom nie 'n seun kon gee nie, maar tog. Sy het geglo as Peninna eers 'n baba het, sal sy vervuld wees, want sy kon saam met Peninna bly wees oor die baba in hulle huis. Dat sy haar só lelik kon misgis!

Sy baklei met haarself, maar uiteindelik kan sy nie haar woorde keer nie. “Ek wil ’n baba hê,” sê sy sag. En toe – sy weet nie wat oor haar gekom het nie – gryp sy hom voor sy bors vas en ruk aan sy kleed. “Ek wil ’n baba hê,” skree sy half histories in sy gesig. “Gee my ’n baba, of maak my dood! Ek wil nie langer leef sonder ’n baba nie.”

Saggies maak hy haar vuiste los waar hulle sy kleed vasgegryp het en druk haar arms om sy lyf sodat sy hom onwillig moet omhels. Hy druk haar teen hom vas en sê: “Dis mos nie vir my en jou om te besluit wanneer en of ons ’n baba moet hê nie, my Lief. Is ek nie vir jou meer werd as tien seuns nie?”

\*\*\*

Uiteindelik breek die laaste dag van die fees aan. Môre sal hulle genadiglik huis toe kan gaan.

Elkana lig die skottel met offervleis hemelwaarts. “Ons dank U, Here God, gewer van alle goeie gawes, dat U ons ook hierdie jaar geseën het sodat ons so saam kan wees om u goedheid te prys. Dankie dat ons nie meer swerwers in die woestyn is nie, maar dat U ons hierdie wonderlike land geskenk het as ’n blywende besitting. En dankie dat ons as ’n gesin saam hierdie offermaal in u teenwoordigheid mag geniet.”

Gesin! skreeu dit in haar binneste. Hulle is ’n gesin, maar sy is nie deel daarvan nie. Sy is ’n droë tak, onvrugbaar!

Na sy gebed deel hy die offervleis uit. Toe Peninna die skottel uit sy hande neem, glinster haar oë. Sy beduie na die bakkie met die enkele porsie vleis op wat haar man vir Hanna gegee het. “Is dit dan al wat sy van die hele offer kry?” vra sy met ’n pruilmond. “Siestog, Hanna, kan ek nie vir jou van my kinders se vleis gee nie?”

Hanna byt op haar tande om nie te gil nie, en antwoord dan so bedaard soos haar stukkende gemoed haar toelaat: “Dankie, maar dis nie nodig nie. Ek het genoeg.” Met teleurstelling hoor sy hoe haar stem bewe. Sy wil nie hê Peninna moet agterkom hoe seer sy is nie, maar die triomfantelike trek in Peninna se oë sê alles. Peninna wéét hoe haar hart pyn, en sy geniet elke oomblik daarvan.

Sy neem ’n happie van die offervleis, maar dit bly dik in haar mond. Uiteindelik wurg sy dit af en voel hoe die naarheid haar keel toetrek. Sy voel Elkana se hand op haar arm. Sy stem is oneindig teer as hy sê: “Moenie huil nie, Liefie.”



Toe kom die trane éérs.

“Mamma, hoekom huil tannie Hanna dan so?” vra Admael, Peninna se oudste.

“Nee, my ou grootman, ek verstaan dit ook nie,” antwoord Peninna, maar haar vermakerige glimlag vertel ’n ander storie.

Skielik is alles net te veel vir haar en sy storm by die blaarhut uit. Sy wil net wegkom, weg van daardie nare vrou, weg van die kindertjies se vraende ogies, weg van Elkana se teer blik. Maar hierdie keer loop haar voete nie veld se kant toe nie. Toe sy haar weer kom kry, staan sy voor die gebou waar die ark van die Here is. Die soet geur van wierook nooi haar in, en sy strompel oor die drumpel en val op haar knieë neer. Sy kniel woordeloos net binne die vertrek, terwyl die snikke deur haar lyf ruk. Na ’n lang ruk, toe haar snikke begin bedaar, bid sy. Sy stort haar hart voor die Here uit. Sy vertel Hom van haar begeerte om ’n baba te hê, en van Peninna se spot, en van Elkana se liefdevolle ondersteuning, al verstaan hy so min van haar seer.

Nadat sy dit alles vir die Here vertel het, kyk sy op, reg in die geel vlammetjie van die lamp van God, en dit word warm in haar hart. Met nuwe moed bid sy verder: “Here, Almagtige, as U tog op my ellende wou let en aan my, u dienaars, wou dink en my nie vergeet nie en aan my ’n seun gee, sal ek hom sy lewe lank aan U gee, en as teken daarvan sal sy hare nie afgesny word nie.”

’n Vreemde vrede kom lê in haar hart, en sy koester dit. Sy bly net so op haar knieë. Sy wil nie opstaan nie, bang dat haar vrede hier in die skemerte van die huis van God sal agterbly. Dan voel sy ’n hand op haar skouer, en dié trek haar ru op. “Hoe lank wil jy dronk bly? Loop word eers nugter voor jy die huis van die Here kom besoedel!”

Sy kyk verskrik op, vas in die hoëpriester Eli se streng gesig. “Nee, Eerwaarde, ek is nie dronk nie. Ek is maar net baie diep terneergdruk. Ek het my hart voor die Here uitgestort.” En toe sy oë streng bly, voeg sy by, dringend: “Moet tog nie dink ek is ’n slegte vrou nie, Eerwaarde! Dis oor my groot smart en leed dat ek so lank bly praat het.” Dis skielik vir haar baie belangrik dat dié waardige ou man haar sal glo.

Hy kyk haar op en af, en glimlag dan met haar. “Wees gerus en gaan nou maar, my dogter. Die God van Israel sal aan jou gee wat jy van Hom afgesmeek het.”

Dis asof die son vir haar deurbreek, en sy prewel dankbaar: “Mag dit vir my wees soos u sê.”

Toe sy by hulle hut kom, is sy skielik honger. Sy maak haar porsie van die offervleis oor die vuur warm, en terwyl sy dit eet, begin haar hart sing. “Die God van Israel sal aan jou gee wat jy van Hom afgesmeek het,” klink dit jubelend in haar ore.

\*\*\*

Die volgende week is baie bedrywig. Die reis terug na Ramatajim neem ’n volle dag, en tuis is daar ’n honderd-en-een dinge wat moet aandag kry. Maar vir die eerste keer sedert Peninna op die toneel verskyn het, is Hanna nie emosioneel gedaan na die fees nie. ’n Glimlag bly huiwer om haar mondhoeke, totdat Elkana later opmerk: “Watter geheimsinnige saak amuseer jou so, Lief?”

Maar sy sê hom niks. Hy kan maar wag en sien wat gebeur.

Aan Peninna steur sy haar nie juis nie. Gelukkig woon hulle nie in dieselfde huis nie, sodat sy nie aldag en heeldag in haar hoof vas te kyk nie. Dis net saans wat hulle almal saam eet, maar dan is Elkana by en waag Peninna dit nie om haar steke te gee nie.

Drie weke later raak sy bewus van ’n swaar gevoel in haar buik, en ’n skielike angs pak haar beet. Dis weer tyd dat sy aan die bloei moet gaan, en soms voel dit presies net soos nou, besef sy benoud. Het die Here haar wéér in die steek gelaat? “Asseblief, Here God, moet my tog net nie nou los nie!” prewel sy oor en oor.

Sy wag ’n hele week gespanne op die eerste rooibruin vlekke op haar klere. Elke oggend wat sy opstaan en steeds nie ’n teken van bloed gewaar nie, word die opgewondenheid in haar groter, totdat dit later vir haar voel sy gaan oopbars as sy die geheim langer vir haarself hou.

Toe sy later twee weke oor haar tyd is, wéét sy sy is swanger. Sy stap na die put waar Elkana besig is om die kleinvee te laat suip. Dit voel vir haar sy sweef, so gelukkig is sy.

Hy kyk verras om toe sy by hom kom en hom van agter omhels. “Dis nou ’n aangename verrassing,” glimlag hy, maar frons dan dadelik as hy vra: “Of is daar

dalk iets verkeerd?”

“Nee,” stel sy hom gou gerus. “Ek het net ’n groot guns kom vra.”

“Enige iets vir die vrou van my hart.”

“Ou vleier!” Maar dan, met ’n vonkel in die oog, vra sy ernstig: “Sal jy omgee as ek nie volgende jaar saamgaan Silo toe vir die offer nie?”

“Ag nee,” sê Elkana, ineens ongelukkig. “Jy weet mos dis ’n familiefees en ek wil hê ons moet dit almal saam vier.”

“Peninna is nie altyd by nie,” kap sy teë en moet haarself dwing om nie te glimlag nie.

“Die keer of wat wat sy gemis het, was dit omdat sy ’n baba gehad het om te versorg, en jy weet dit baie goed.” Sy gesig is een groot vraagteken. Hy is nie gewoond dat sy hom met verkeerde sake pla nie.

“O,” sê sy en druk haar vuiste in haar sye, “as Peninna ’n babatjie het, mag sy hier bly, maar ek moet maar net altyd saamgaan, of ek nou ’n baba het of nie. Is dít hoe dit werk?”

“Wil jy vir my sê ...?”

Sy kry nie geantwoord nie, want die volgende oomblik tel Elkana haar in sy arms op en draai met haar in die rondte. Toe hy haar weer neersit, doen hy dit versigtig, asof hy ’n kosbare vrag neersit. “Ek ... Ek is bly,” is al wat hy uitkry, maar dis oorgenoeg, want die trane in sy oë sê meer as wat ’n duisend woorde kan.

- Jy kan hierdie verhaal – en sy uiteinde – lees in [1 Samuel 1](#).
-

# Jakobus in die tronk



Markus Aurelius hou van sy werk, want dit gee hom 'n gevoel van mag. Sy hele lewe lank moes hy maak soos ander aan hom voorskryf. Eers het sy pa hom met 'n sambok geleer om te maak soos hy sê. Hy wou nie luister nie, totdat sy pa hom eendag byna doodgeslaan het met 'n gaffel. Hy sal daardie dag nooit vergeet

nie, al word hy ook 'n honderd jaar oud, en hy was maar net tien toe dit gebeur het.

Die oorsaak van alles was eintlik 'n simpel ding, as hy nou daaraan terugdink. Sy pa wou hê hy moes die visafval uit die skuit spoel, en hy was nie lus nie. Hy wou ook soos die ander kinders 'n bietjie gaan speel. Hy was moeg van die hele dag op die see. Sy pa het hom altyd vir al die slegte werkies op die skuit gebruik, en hy het uitgesien na 'n bietjie tyd op sy eie. Maar toe hulle op die strand kom en hy uit die skuit spring, het sy pa gesê hy kan nie gaan nie, hy moet die skuit was. Dit was 'n groot werk en 'n stink een daarby, en hy het geweet hy sou nie voor donker klaar wees nie. Toe sê hy vir sy pa hy is nie lus nie.

'n Mens het nie vir sy pa nee gesê nie. Hy het dit goed geweet, maar daardie dag was hy te moeg en te lus vir speel om om te gee. Het hy maar liever die skuit gewas! Want toe hy hom weer kom kry, staan sy pa langs hom op die strand, gaffel in die hand. Hy kon sommer in sy oë sien hier is nou gróót moeilikheid. "As ek vir jou sê jy doen iets, dan doen jy dit, mannetjie!" het sy pa geskreeu. Sy pa se asem was vrot in sy gesig - snaaks hoe hy dit óók so goed onthou - en toe het sy pa hom met die gaffel se steel getakel: oor sy kop, sy rug, sy bors, sy bene, sy arms, net waar hy 'n hou kon inkry. Hy het eers probeer keer, maar sy arms was later lam van die houe. Hy het geval, en sy pa het hom begin skop. Toe het alles gelukkig swart geword voor hom.

Toe hy bykom, was hy by die huis. Sy ma het hom vertel dat sy oom sy lewe gered het. Hy het sy pa gekeer, anders het hy hom beslis doodgeskop. Partykeer is hy spyt dat sy oom ingegryp het, want as hy dood was, sou hy nie so swaar gehad het daarna nie. Alles aan hom was stukkend en het kloppend gepyn. Maar diep binne-

in het daar 'n woede gesmeul; 'n woede wat daarna dikwels uitgebars het. Dan het hy dit op die ander kinders uitgehaal, en toe hy groter en sterker geword het, op sy pa. Dit was 'n dag van soete wraak toe hy die vark geslaan het tot hy in sy bloed bly lê het.

Maar dit het nie die woede in hom laat bedaar nie. Dit het telkens weer opgevlam, sodat sy vrou en kinders baie goed weet hoe hard sy vuiste is.

Partykeer wonder hy hoe dit werk, want daardie dag toe sy pa hom byna doodgeslaan het, het hy besluit dat hy nooit ooit só sal optree teenoor sy eie kinders as hy eendag getroud is nie. Maar hier is hy, self 'n pa van drie, en in seldsame oomblikke van algehele eerlikheid moet hy dit aan homself erken: Hy is net soos sy pa was, hard, onverbiddelik, afknouerig.

Wat hom besiel het om soldaat te word, weet hy ook nie. Dalk was dit net 'n manier om weg te kom van sy pa se tirannie, want al het hy die ou man behoorlik opgefoeter, het dit nie die rolle by die skuit omgeruil nie. Toe word hy soldaat, en verruil die een tiran vir 'n ander. Sy offisier was 'n bullebak wat geglo het dat sy troepe op hulle plek gehou moet word. En as jy nie sy opdragte onmiddellik en presies uitgevoer het nie, het sy knuppel die praatwerk gedoen.

Dit was harde jare, daar aan die begin. Maar toe het sy groot kans gekom. Hy was al tien jaar lank soldaat toe hy uiteindelik bevordering gekry het. Hy het 'n onderoffisier in Herodes se lyfwag geword. Vir die eerste keer in sy lewe is hy nie net 'n ondergeskikte nie. Nou kan hy ánder mense beveel, en bewaar hulle siel as hulle nie spring as hy die woord sê nie.

Van die begin van die jaar af is dit sy taak om na die koning se gevangenes om te sien. Dit is die lekkerste van alles, want die gevangenes móét op hulle plek gesit word. Hulle is tog die skuim van die aarde. Hulle het om 'n rede in die tronk beland - hoekom iemand in die tronk is, maak vir hom nie in die minste saak nie - en daarom het hulle alle regte verbeur. Partykeer as die woede in hom oorkook, loop hy sommer van sel tot sel en ontlaai sy wrokkigheid op die bandiete. Hy het al 'n keer of wat te hard geslaan, of te veel, maar hy kan nie help as iemand nie die houe kan vat nie. En dan is dit in elk geval een minder om op te pas.

Die nuutste klomp gevangenes is vir hom 'n raaisel. Hulle is nie die gewone soort tronkvoëls nie; nie harde, ruwe mense wat terug vloek as hy op hulle skree nie. Hulle is ordentlike mense. Nasareners. Sy pa het ook op sy oudag 'n Nasarener

geword en – so het sy ma in elk geval gesê – sy hele lewe het verander. Hy het opgehou vloek en skel; hy het haar nooit weer geslaan nie; hy was hoflik teenoor almal. Skynheilige vark! Seker maar die ouderdom wat die oubaas se kop aangetas het. 'n Jakkals verander van hare, maar nie van streke nie. Dit het die lewe hom geleer. Daarom is hy baie wantrouig teenoor die Nasareners. Herodes het opdrag gegee dat hulle nie saggies behandel moet word nie, en daarom loop hy gereeld 'n paar van hulle by. As hy een klap dat sy kop ruk en die bloed begin loop, sien hy sy pa voor hom, en dan haal hy ekstra uit, net om sy pa terug te kry.

Miskien is dit tyd om die leier van die klomp Nasareners in die tronk 'n les of twee te leer. Hy kyk na die knuppel wat teen die muur hang, en staan 'n rukkie besluiteloos. Nee, dis te maklik. Hy sal sy kaal hande gebruik, dat hy kan voel hoe die houe tref. Dis meer bevredigend.

Die leier is alleen in 'n sel opgesluit, nie saam met sy vriende nie. Hy het so besluit. Uit ondervinding weet hy dis swaarder om alleen in die donker sel te sit, sonder geselskap. Toe hy by hom kom, sien hy die man staan op sy knieë. Natuurlik weer besig om te bid. Die woede kook sommer oor en hy spoeg in die man se gesig. “Jy! Staan op as ek inkom!”

Die man staan onmiddellik op en kyk hom in die oë. Die kettings aan die boeie om sy hande en voete klingel soos hy beweeg. Hoe kry die man dit reg om te maak presies soos hy beveel sonder om kruiperig te wees? Daar is iets in die man se oë, iets wat hy nie kan peil nie. Dis 'n sagtheid, 'n deernis. Dit lyk kompleet of die man vir hóm jammer is!

Hy sal hom wys wie die bejammerenswaardige een van hulle twee is! Met al sy mag haal hy uit en slaan die man vol op die neus. Hy grom tevrede as hy hoor hoe sy neus breek en sien hoe die bloed onmiddellik begin uitstroom.

Die jammerte wyk nie uit die man se oë nie, al traan hulle van die pyn. Hy spoeg 'n gebreekte tand uit. “Hoekom het jy my geslaan?” vra hy sag.

“Hier vra ék die vrae, nie jy nie.” Weer swaai sy vuis en tref die man in die maag, sodat hy dubbel gevou en winduit voor hom staan. Markus lig sy knie. Dis 'n voltreffer, tussen die man se oë, en hy steier dronkerig agteruit sodat sy kop die klippe van die selmuur met 'n dowwe slag tref. Die man sak stadig teen die muur af.

Hy vee die bloed met sy kleed se soom van sy gesig af. “Wat is jou naam?”

“Markus Aurelius, jou ergste nagmerrie,” grynslag hy. Dit is teen sy beginsels om ’n gesprek met ’n gevangene te voer, maar sy nuuskierigheid is tog geprikkel. “Hoekom wil jy weet?”

“Ek wil vir jou bid, want Jesus kan jou help.”

Markus bars uit van die lag. “Vir my help? Dis ’n grap! Dis jý wat hulp nodig het, ou maat, nie ek nie.”

“Nee, dis jy. Hierdie sel, hierdie boeie – dis maar net my liggaam wat ’n gevangene is, maar ekself is vry. Maar jy is nie vry nie, al loop jy sonder boeie rond en al kan jy min of meer doen soos jy lus kry. Jy is ’n gevangene; ’n gevangene van jouself, van jou woede, van jou sondeskuld. Jy probeer daarvan wegkom en daarvan vergeet, maar dit bind jou vas, dag vir dag.” Hy lig sy arms op. “Jy is die een wat geboei is deur boeie baie erger as hierdie, want hulle sit nie om jou arms en bene nie. Hulle sit om jou siel. Dis dié dat ek vir jou wil bid.”

Weer daardie liefde en deernis in die oë. Dit gaan hom nog van sy kop af maak. Hy sal dit uit hom uitfoeter! Hierdie keer tref sy vuus die man teen die kant van die kop, en hy sak bewusteloos op die selvloer neer. So ja, dit sal hom leer om astant met hom te praat.

Hy sluit die seldeur agter hom en stap uit na buite, na die warmte van die son en die vars lug. Hy, ’n gevangene! Van al die sothede wat hy al in sy lewe gehoor het, span dit die kroon. Sy kneukels pyn dof van die houe wat hy die man toegedien het, en hy grinnik tevrede. Dié man sal nog leer wie is vry en wie is in boeie. Hierdie vuiste van hom sal die jammerte uit daardie twee oë moker totdat die man om genade begin smeek.

Die hele dag is hy uit sy humeur, en almal om hom moet dit ontgeld. Sy vrou en kinders ook. Hy is nie lus vir nonsens nie. Maar toe hy sy oë toemaak om te slaap, bly die slaap hom ontwyk. Hy sien die hele tyd die man voor hom, waardig ten spyte van die boeie, en die oë vol deernis bly by hom spook, sodat hy die volgende oggend moeg en gefrustreerd opstaan en tronk toe loop sonder om ’n woord met sy vrou te praat. Hy sal nie rus voordat hy die man ingebreek het nie.

Dit lyk of die man vir hom gewag het, want toe hy die seldeur oopmaak, groet hy

vriendelik. “Goeiemôre, Markus Aurelius. Ek het goeie nuus vir jou! Jesus het vannag aan my verskyn, toe praat ek met Hom oor jou. En weet jy wat sê Hy vir my? Hy sê vir my Hy het jou lief.”

Markus het hom voorgeneem hy gaan nie weer met die man praat nie, want dit krap hom net om, maar voor hy homself kan keer, grom hy: “Niemand het my lief nie, want ek is ’n woeste en wrede man. Mense is bang vir my en bly uit my pad uit. Hulle het my nie lief nie. En as jy weet wat goed is vir jou, sal jy dit in gedagte hou voordat jy weer ’n klomp snert kwytraak.”

Hy weet nie wat met hom aangaan nie. Hy slaan nie die man se oë toe, soos hy van plan was om te doen nie. Hy draai net daar om en stap terug na sy kantoor. Hy skree op sy bewaarders en klap ’n paar van hulle deur die gesig, maar dit help niks. Die man se woorde bly klink in sy ore. “Hy sê vir my Hy het jou lief.”

Toe hy hom weer kom kry, staan hy in die sel. “Wie is dié Jesus van wie jy praat, wat my kamtig liefhet?” vra hy bars.

“Hy is my Here, die Here van die hele wêreld. Hy is deur God gestuur om ons te kom red. Daarvoor het Hy met sy lewe betaal, want Hy het ons sondeskuld op hom gevat en die straf van God vir ons, in ons plek, betaal. Nou kyk God na ons, en Hy sien nie ’n man vol sonde nie; Hy sien ’n verlose mens, skoon en vry van die sonde. Hy sien ’n kind van Hom!”

“Dis die grootste spul onsin wat ek nog ooit gehoor het. Niemand sal bereid wees om my skuld op hom te neem en in my plek daarvoor te betaal nie. Niemand nie. Daarvoor is ek ’n te groot sondaar.”

“Dis ongelooflik, nè. Maar dis waar! God het die wêreld so lief dat Hy sy enigste Seun, Jesus, gestuur het, sodat elkeen wat in Hom glo, gered kan word. Jy ook, Markus Aurelius. God het jou ook lief, al verstaan jy dit nie. Hy wil hê jy moet in Hom glo, en in sy Seun, Jesus van Nasaret, wat Hy gestuur het om jou vry te koop van jou skuld. Hy het my vrygekoop. Hierdie boeie kan maar net my liggaam vasketting, maar my siel is vry, want Jesus het my vrygemaak. Hy wil jou ook vrymaak.”

Markus gaan sit verbysterd op die selvloer en luister. Niemand het nog ooit só met hom gepraat nie, so asof hy belangrik is, asof hy vir hom omgee nie. En op ’n manier verstaan hy wat die man vir hom sê, wéét hy van die skuld wat hom



vasketting, van die gewig van die sondelas wat hom platdruk, gevange hou. Wat hy ook kan aanvoel, is dat hierdie man die waarheid praat. Hy kan die vrede in die man se gemoed aanvoel. Dit hang soos 'n wolk om hom, sodat jy dit dadelik ervaar as jy by die sel instap. Is dit nie presies wat hy van die begin af aangevoel het, wat hom van die begin af omtrent hierdie man opgeval het nie?

Die trane begin oor sy wange loop. Daar is tóg iemand wat hom liefhet, al is hy 'n skurk. En die man hier langs hom het hom ook lief, al het hy van die begin af sy lewe hel gemaak. Hy skud sy kop.

“Dit kan nie wees nie. Dit kan nie wees nie,” snik hy oor en oor.

“Kyk na my, Markus!” sê die man.

Markus kyk op, in daardie helderblou oë, en sien dit is waar. “Wat moet ek doen, Meneer? Wat kan ek doen om ook soos jy te word?”

“Glo jy dan dat Jesus die Verlosser is, die Messias, die Een wat van God gekom het om jou ook te red?”

Markus knik net deur sy trane.

“Vat dan jou sondeskuld na die Here Jesus toe, en vra dat Hy dit sal wegvat, dat Hy jou Verlosser sal word. Dan sal Hy jou lewe skoon maak, en nuut maak, sodat jy vry kan wees van die dinge wat jou so vasdruk.”

Markus kom op sy knieë en bid vir die eerste keer in sy lewe: “Here Jesus, ek is 'n skurk en 'n bullebak. Red my, asseblief!”

Dis of daar 'n swaar vrag van sy skouers afrol. Hy voel hoe die las van sy gemoed afgehaal word, hoe daar vrede in sy hart kom. Verwonderd kyk hy op, in die man voor hom se vriendelike gesig.

“Ek weet nie eers wat u naam is nie, Meneer.”

“Ek is Jakobus seun van Sebedeus.”

\*\*\*

Elionaeus, die hoëpriester, glimlag ingenome en lig sy beker na Herodes. Hy is op uitnodiging van die koning by 'n groot banket in die koninklike paleis in Jerusalem

om Herodes se tweede jaar as koning te vier. Elionaeus is heimlik baie in sy skik, want Herodes is besig om 'n groot kopseer vir hom op te los sonder dat hy of die Joodse Raad 'n vinger hoef te verroer. Sedert die inhegtenisnemings begin het, is daar 'n hele uittog van Nasareners uit die stad; 'n uittog soos laas gesien is toe die jong Fariseër Saul van Tarsus onder hulle ingeklim het. Daar was nou vir jou 'n man met potensiaal! Dis werklik jammer hy het langs die pad koue voete gekry, anders was hy seker teen dié tyd een van die voorste geleerdes in die stad en het hy rabban Gamaliël opgevolg.

Herodes buig oor na sy kant toe en sê: “Ek het gedink 'n geskenk aan my lojale onderdane sal baie gepas wees op 'n dag soos dié, of hoe dink jy, my liewe Elionaeus?”

“Watter soort geskenk het u in gedagte gehad, U Majesteit? Dalk 'n nuwe toevoeging tot die tempel?”

“Ek kan beswaarlik verbeter op my oupa se bouwerk. Nee, ek het iets beters in gedagte; 'n plan wat ek by my suster Herodias gekry het. Kan jy raai wat dit is?”

Elionaeus kan maar net te goed raai. Iemand se kop gaan rol, letterlik. Die onthoofding van die woestynprediker Johannes die Doper op aandrang van Herodias is nog redelik vars in sy geheue, al het dit meer as 'n dekade tevore gebeur. Sy maag trek op 'n knop, want met hierdie familie weet jy nooit. Wie se kop sal dit hierdie keer wees? Maar hy sluk sy ongemak weg en glimlag vir die koning. Hy wil nie die man se pret bederf nie en antwoord: “Nee, U Majesteit, daar het u my. Wat is die geskenk wat u in gedagte het?”

“Ek sal jou 'n leidraad gee: 'n feesmaal, 'n jongmeisie wat pragtig dans, en 'n beloning daarvoor, selfs al is dit die helfte van die koninkryk. Kan jy nou raai?”

“A, u praat nou van Johannes die Doper wat onthoof is!”

“Reg geraai,” lag Herodes in sy skik. “Nou ja, ons het hier 'n feesmaal, en ek het 'n baie lastige gevangene van wie ek, en ek glo jy ook, ontslae wil raak. Hoe sal jy daarvan hou as ek vir jou as 'n geskenk die kop van Jakobus seun van Sebedeus in 'n skottel laat kom, net soos my suster destyds gevra het?”

Elionaeus sluk die naarheid wat in sy keel begin opstoot, vinnig weg. Hy hou nie van die man se wreedaardige maniere nie, maar dis hoogs effektief, dit moet hy

hom toegee. Met dié teregstelling sal hy beslis die guns van baie Jode wen. En dit pas die Joodse Raad soos 'n handskoen. “Wat kan ek sê, U Majesteit? U is 'n genie. Wie anders sou só 'n briljante geskenk kon uitdink?”

Herodes wink Blastus, sy persoonlike sekretaris, nader en fluister iets in sy oor. Dié knik en maak hom vinnig uit die voete. Dan draai Herodes na Elionaeus en knipoog vir hom, terwyl hy sy vinger oor sy keel trek en sy tong met groot gebaar by sy mond laat uithang.

'n Halfuur later kom die sekretaris weer die banketsaal binne met 'n silwer skottel in sy hande. En op die skottel staan nie net een kop nie, maar twee; een met 'n welige baard, die ander gladgeskeer.

“En dit?” bulder Herodes. “Van wanneer af het die man twee koppe?”

Blastus sit die skottel met die grusame inhoud voor die koning neer. Hy grynslag terwyl hy verduidelik: “Dié een met die baard is die kop van Jakobus, soos u versoek het, U Majesteit. En hierdie gladgeskeerde gesig het behoort aan die man wat hom moes bewaak, Markus Aurelius. Hy het geweier om Jakobus se kop af te kap, want hy het gesê die man se getuienis het hom oortuig dat Jesus die Messias is. Hy het besluit om ook een van hulle te word.” Die sekretaris haal sy skouers op. “Wat moes ek doen? Ek het toe maar sy kop ook vir u gebring. Ek hoop nie u is ontevrede nie.”

“Blastus, jou ou doring!”